

Vrydag 31 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 4

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:30

Bedroef die Heilige Gees ...

Hier in vers 30 kry ons die twee kante van dieselfde muntstuk. Die een kant die waarskuwing ... “*En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie ...*” en die ander kant die troos: “... *want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.*” In hierdie vers leer die Here ons in die eerste plek in WIE is ons geanker en aan Wie ons behoort!

Paulus noem ’n klomp voorbeelde in hierdie perikoop (vs 17-32) van hoe die kind van die Here nie moet leef nie, maar indien hy dit doen, bedroef hy die Heilige Gees daardeur! Paulus sê kortliks dat die heiden wat nie in Christus glo nie (vs 17), se verstand verduister is en dat hulle geen deel het aan die lewe wat God skenk nie (vs 18). Bedoelende ... hulle glo nie wat God reeds in Christus geopenbaar het nie (vs 19). En hulle lewe getuig van hulle ongeloof!

Nadat Paulus die gemeente gewys het op die NEGATIEWE (hoe hulle nie moet leef nie), kom hy by die POSITIEWE (vs 20 ev.). Paulus sê aan hulle dat hulle roeping elders lê ... in die genade van Jesus Christus! Nadat hy ’n klomp opdragte gegee het HOE die kind van die Here moet wandel, vry van die sonde (vs 21-29), volg vers 30: *En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie ...* Wat beteken dit? Om die Heilige Gees NIE te bedroef NIE, beteken om die EEN-heid in Christus *deur sy Gees* uit te leef! Om sy genade uit te leef, beteken prakties om in ware dankbaarheid te leef volgens AL die gebooie van God! Om waarlik te leef as God se eiendom! Om die Heilige Gees te bedroef, beteken juis om nie die vrug van die Gees uit te leef nie, maar die vrug van die vlees ... (Gal. 5:19-21).

Wat die Heilige Gees bedroef, is sake waarop Paulus hier fokus, soos valsheid (vs 25), kwaad word (vs 26), die duiwel ’n vatkans gee (vs 27), om te steel (vs 28), vuil taal (vs 29), bitterheid of woede (vs 31; vgl. ook Gal. 5). ALLES dinge wat teenoor die wet van God staan!

Lewe deur die Gees en laat die Gees jou gedrag bepaal!

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)